

"DIE BLINKKLIPPIE"

WEEKLIKSE NUUSBRIEF VAN GEREFORMEERDE KERK POSTMASBURG

(Jaargang 21 - nr. 20.)



"Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlijkheid gesien, die heerlijkheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid."

Johannes 1:14

23 Mei 2021

HARTLIK WELKOM!

Dit is waarlik 'n voorreg om weer vanoggend as gemeente saam die HERE te dien

EREDIENS: Ds. Daan Malan

Erediens – 9h30

LITURGIESE GEGEWENS

Skriflesing: Openbaring 7: 1 - 8

Teks: Openbaring 7:3b

Sing- TYDENS EREDIENS: Ps. 34:2,4;
Ps. 86:6; Sb. 43 (15-7):4; Ps. 33:6,10

DIE STILTE VOOR DIE STORM

VOORBEREIDING EN NAGMAAL

Gemeente, in die lig van die huidige vlag van Covid-19 (en die pastoriegesin en familie wat almal Covid-19 positief getoets is), is ons voorbereiding wat vandag sou plaasvind en ons Nagmaalviering wat veronderstel was volgende Sondag moet wees, eers aangeskuif. Voorlopig is die beplanning, as dit só die Here se wil is, dat Voorbereiding op Sondag 13 Junie sal plaasvind en ons Nagmaalviering dan Sondag 20 Junie.

Die Kerkraad besef ook die noodsaak dat daar behoorlik huisbesoek gedoen sal moet word en tans is dit nie so maklik nie.

Ontmoetingsdiens

Votum

Lofsang: Ps. 34:2,4

Geloofsbelofenis

Verootmoediging- en versoeningsdiens:

Wet

Sing: Ps. 86:6

Gebed

Woorddiens

Sing: Sb. 15-7 (43):4

Skriflesing: Openbaring 7: 1 - 8

Teks: Openbaring 7:3b

Preektema

DIE STILTE VOOR DIE STORM

Dankgebed

Liefdesdiens kollekte – In die banke DVB
By die deure – Emeritaatsfonds

Slotpsalm

Sing: Ps. 33: 6, 10

Wegstuurseën

KOLLEKTES

Vandag: 23 Mei 2021

In die banke: **Diens van barmhartigheid** By die deure: **Emeritaatsfonds**

Sondag: 30 Mei 2021

In die banke: **Dorkas Susters** By die deure: **Bediening vir PMG**

U kan die SnapScan kode gebruik om u kollekte aan die diakonie af te dra ...



Snap here to pay
SnapScan

WYK – DIENSBEURT

Vandag – 23 Mei 2021: Wyk 3

- **Ouderling:** Br Rassie Erasmus

- **Diaken:** Br Viljoen v/d Walt

- **Wyksuster:** Sr Lientjie v/d Walt

Sondag – 30 Mei 2021: Wyk 4

- **Ouderling:** Br Jan de Kock

- **Diaken:** Br Nico Geldenhuys

- **Wyksuster:** Sr Cecile de Kock

MEELEWING

- Sr Annalie Williams is positief met Covid 19 getoets. Ons vertrou sy in die week groot beterskap mag ontvang. Sy het 'n swaar week agter die rug.
- Br Jan en sr Truia Venter het ook positief getoets. Br Jan se gesondheid is onder groot druk en liggaamskragte is min en vereis baie versorging. Ons vertrou dat ons krag sal ontvang en dat daar weer beterskap mag wees. Hulle is tans ook in die pastorie. Ons tyd van isolasie verstryk hierdie week. Weereens baie dankie vir oproepe, gebede en dit wat ons in hierdie tyd help om te probeer om aan te gaan.
- Ons ontvang genade wat groot is en ons gebed is dat dit almal se deel mag wees wat in hierdie moeilike tye daarna vra en daarna smag ...

VERJAARSDAE

Dinsdag – 25 Mei Annatjie Swiegers

Dinsdag- 25 Mei Bianca van Heerden

Woensdag- 26 Mei Anika Johnston

Woensdag- 26 Mei Wikus van der Walt

Donderdag- 27 Mei Maria van Heerden

Vrydag- 28 Mei Carien Coetzee

Sondag – 30 Mei Magdalena Schoeman

Mag u 'n geseënde nuwe lewensjaar ingaan met die volle oortuiging dat ons tye is in die Here se hande.

OORSIGTELIK FINANSIËLE STAND VAN GEMEENTE

Dankoffers ontvang vanaf 1 Maart – 10 Mei 2021	R153 162-00
Gemiddeld per besoekpunt per maand	
Werklike uitgawes vanaf 1 Maart - 10 Mei 2021	R260 642-70
Tekort afgelope 2 maande	R37 110
Ramings per lidmaat per jaar	R543-29

Voorsitter is oudl. Lukas Potgieter
(079 695 0555)

DANKOFFERS

U kan die Bybelse beginsels en dit wat 'n prinsipiële uiteensetting van die opdrag tot 'n dankbaarheidslewe en dit wat ons dankoffers moet wees, van ons webwerf aflaai.

U kan dit aflaai by <http://bit.ly/2D0uRqf>

Laat ons asseblief met die nodige erns wat ons voor die Here hiermee moet werk dan wel hieraan aandag gee. Al is ons in bitter swaar tye met ekonomiese werklikhede so negatief as kan kom moet ons dankbaarheid voor die Here altyd eerste staan. **Ons het ook 'n nuwe artikel in die verband bygevoeg. Wyle ds. Ben Fourie het ook baie goed die saak kon uiteensit.** U kan dit lees by

<https://bit.ly/3j1e2xT>

ALGEMENE KERKNUUS

GKSA NUUSBROKKIES

Gaan laai gerus nuusbrokkies van ons webwerf af. Die jongste beroepenuus en vele meer is daarop beskikbaar soos weekliks aan ons deurgestuur. U kan dit van ons webwerf aflaai by: <http://bit.ly/2SxThy0>

KATEGESE

Al die werk en ons roosters is op ons webwerf onder katkisasie gelaai. U kan dit aflaai by <http://bit.ly/2KhypYe>

Laerskool-kategese Die rooster vir 2021 is opgestel en kan by die skakel <http://bit.ly/2KhypYe> afgelaai word. Al ons lesmateriaal (*Laat my lammers wei en die dele uit die Kategismus*) wat die Laerskool hierdie jaar gaan behandel is by die skakel <http://bit.ly/2KhypYe> opgelaai. Ons sal poog verlore werk in te haal.

Hoërskool – kategese Ons het gevorder tot by Les 29. Ons gaan poog hierdie week by Les 30 uit te kom.

BYBELSTUDIE

Ons Bybelstudies tans in die gemeente handel oor verskillende gebede in die Here se Woord. Dit word elektronies deur ons YouTube kanaal gedoen. U kan op YouTube gaan en soek na die Gereformeerde Kerk Postmasburg. Al die vorige opnames is daar beskikbaar. Die laaste gebed waarna ons kon kyk het ons genoem 'n "tragiese gebed". Daar word hierna verwys as "die ryk man se gebed uit die hel". Dit is ons 24ste gebed wat ons in die reeks na kon kyk. **Ons sal DV weer volgende week 'n nuwe Bybelstudie oplaai.**

HUIS JAN VORSTER (HJV)

Daar is in hierdie tyd werklik 'n groot behoefte en tekort aan skoonmaakmiddels by Huis Jan Vorster, soos tandepasta, seep, sjampoe, prep. Die Dorkas Susters wil elke suster wat reeds 'n bydrae gemaak het bedank. Suster Lizzette Kotze het haar dank uitgespreek vir elke bydrae wat hulle ontvang het.

PRETORIA FM OPNAMES (MAAK MY U WEË BEKEND)

Uitsendings word op Sondag om 17h00 uitgesaai. Luisteraars kan in Postmasburg en in die grense van ons gemeente inskakel op TV oudiokanaal 887. U kan ook deur die internet luister by <http://www.pretoriafm.co.za>.

Daar is ook webgrepe (potgooie) van die program op Pretoria FM se webwerf. U kan daarna gaan by <http://bit.ly/2NuDyOX>

Daar is dele naby Postmasburg wat die stasie op die frekwensie 107.5 wel opgevang word. **Die program begin Sondag om 17h00 op die skottel by kanaal 887.**

VSOD (VERENIGING VIR SENDING ONDER DUITSSPREKENDES)

Ons as gemeente is op 'n besondere wyse met die roeping en sendingwerk van dr. Victor d'Assonville in Duitsland verbind. Hy is deur ons ingevolge Artikel 7 Kerkorde beroep en na Duitsland gestuur. Hy is tans rektor by 'n Teologiese Skool in Duitsland. Laat ons voortdurend sy roeping en werk biddend voor die Here bring en dat dit geseënd mag wees. As u meer wil uitvind oor die kerklike toestande in Duitsland en die groot nood dat teologiese opleiding aldaar moet kan plaasvind gaan na www.vsod.co.za. Op Facebook kan u gaan na bit.ly/2OoU0nf

Die VSOD stel ons in Postmasburg in staat dat daar volhoubaarheid in die werk kan wees. As u dit oorweeg om ook finansiële tot hierdie baie groot opdrag by te dra, al is dit dalk net met 'n R100 per maand, kontak asb. vir dr. Petrus.

ETIESE SAKE

Daar is 'n nuwe afdeling op ons webwerf bygevoeg met die bedoeling dat ons as gelowiges toegerus mag word om oor hierdie sake weer grondig na te dink en om onself daarvoor te verantwoord. Dit sluit in ou sake maar wat nuut oor gedink moet word. Onder andere ons beskouing oor ons huwelikslewe en gesinslewe. Dit gaan ook oor saamwoon vóór die huwelik... U kan daarna gaan by <http://bit.ly/2Q0Ccw1>

KERKRAADSAKE

VERGADERINGS:

Datum sal later deurgegee word ...

KERKLIKE GEGEWENS

Gereformeerde Kerk Postmasburg

Posbus 74 Postmasburg

E-pos: admin@gksa-postmasburg.co.za

Tel: 053 313 3710

Landlyn Pastorie: Tel: 053 313 0571 **Nuwe selnommer 064 558 7204** (Oue werk ook nog!)

Predikant	Dr. Petrus Venter	084 704 2348	ds@gksa-postmasburg.co.za
Skriba	Oudl. Leendert Snyman	083 286 8496	leendert@webmail.co.za
Admin Beampste	Vakant	084 704 234 8	admin@gksa-postmasburg.co.za
Voorsitter: Diakonie	Diak. Johan Reinecke	082 579 8572	johanreinecke@yahoo.com
Koster	Br. Louis Calitz	083 775 3058	076 147 6772
Kassier	Oudl. Lukas Potgieter	079 695 0555	lukaskathu@gmail.com
Sendeling	Dr. Victor d'Assonville	0049 1755063249	vicdas@rtsonline.de

Ons gemeente se webwerf en facebook-blad is soos volg:

<http://www.gkpostmasburg.weebly.com>


<http://bit.ly/2Ydk7wK>

STATISTIEKE VORIGE SONDAG

Erediens bywoning	
Kollekte: Diens van barmhartigheid	
Kollekte:	
SnapScan en elektroniese bydraes diakonie	
Kollekte Dorkas-susters	

GEREFORMEERDE KERK BANKBESONDERHEDE – ALLE REKENINGE BY ABSA

Rekening	Rekeningnommer
Alle bydraes (Dankoffers)	2130-3400-35
Diakonie	2130-28-0008
Dorkas-susters	407-382-6782
Kermisinbetalings	90-9779-4784
Steak-ete inbetalings	91-4771-8016



Berigte vir Blinkklippie moet asseblief teen **Woensdag 16h00** per e-pos gestuur word na admin@gksa-postmasburg.co.za